Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# July 30, 1987

# 'Programme Olympic: Corroborative Notes Following the Briefing of the Minister of Defence in Cape Town on 27 July 1987'

## Citation:

"'Programme Olympic: Corroborative Notes Following the Briefing of the Minister of Defence in Cape Town on 27 July 1987'", July 30, 1987, Wilson Center Digital Archive, Obtained by Anna-Mart van Wyk. https://digitalarchive.umd.edu/document/123064

## Credits:

This document was made possible with support from Carnegie Corporation of New York (CCNY)

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

- Original Scan

Wilson Center Digital Archive Original Scan



UITERS GEHEIM

Dr JL Steyn

Kopieno 1 van 1 kopieë

HS/PLAN/302/6/DUNHILL

Telefoon : 291-2395
Navrae : Genl-maj M.C. Botha

Hoof van die SA Weermag
(Afdeling Beplanning)
Privaatsak X161
Pretoria
0001

30 Julie 1987

PROGRAM OLYMPIC : BEVESTIGENDE NOTAS NA AANLEIDING VAN 'N VOORLIGTING GEDOEN AAN DIE MINISTER VAN VERDEDIGING TE KAAPSTAD OP 27 JULIE 1987

Teenwoordig:

| | |
|---|---|
| Genl M.A. de M. Malan | Minister |
| Mnr W.N. Breytenbach | Adjk-Minister |
| Genl J.J. Geldenhuys | H SAW |
| Kmdt P.G. Marais | Voorsitter Krygkor |
| Brig G.N. Opperman | Militêre Sekretaris |

Voorligtingspan

| | |
|---|---|
| Lt-genl F.E.C. van den Berg | HS Plan |
| Genl-maj A.J.S. van der Lith | H v LMS |
| Genl-maj M.C. Botha | HDLP |

1. Die hoofpunte van die voorligting aan die Minister, het behels:

   a. 'n Statusverslag van Program Olympic

   b. Sekere aanbevelings wat deur die Verkleinde VBK op 25 Junie 1987 aanvaar is.

2. Aanbevelings Aanvaar deur Verkleinde VBK. Die onderstaande is die belangrikste aanbevelings soos aanvaar deur die verkleinde VBK en soos voorgedra aan die Minister:

   a. Aantal Missiel Wapenstelsels. Ses.

   b. Aantal Loonvragte

UITERS GEHEIM

Wilson Center Digital Archive Original Scan



i. Sewe primêr vir vliegtuie (AK Tipe)

ii. Ses primêr vir missiele waarvan drie A Ster sal wees. (AK Tipe)

iii. Loonvragte moet operasioneel uitruilbaar tussen vliegtuie en missiele wees.

c. Demonstrator. Een (Modulus) AK Tipe

d. Inploffingstegnologie. Die studie om die tegnologie te behaal moet voortgaan.

e. Ondersoek/onderhandelings moet voortgaan ten einde die Verkleinde VBK ook die rol van die WBK te laat vervul. In die verband sal Kmdt P.G. Marais die leiding neem.

3. Die Minister het die syfers, ten opsigte van die aantal missielstelsels en die aantal loonvragte aanvaar en die volgende opmerkings gemaak:

a. Die basis ten opsigte van die genoemde syfers moet nou as vas beskou word en daar moet van nou af op die basis gewerk word. Daar moet nie elke keer as daar 'n ander span met die saak werk, met nuwe getalle mee vorendag gekom word nie.

b. Dit moet nie uit die oog verloor word dat die ontwikkeling van ruimte-tegnologie in die RSA 'n groot heilsame invloed sal hê ten opsigte van nywerheidsontwikkeling en dus ook op werkverskaffing nie. Dit is reeds bewys in lande wat met hierdie soort tegnologie gevorder het.

4. Die Minister het aanvaar dat die demonstrator alleenlik Modulus moet wees (skoon toets). Dit is bevestig dat die vorige ondergrondse "vuil toets" nie voor voorberei moet word nie.

W.S. Botha
NOTULERENDE OFFISIER : GENL MAJ

30 Julie 1987

OPMERKINGS

M. Malan

MINISTER VAN VERDEDIGING

Datum: 27 Aug 87